



RAAMWERK VIR DIE OPSTEL EN AANBIEDING VAN FINANSIËLE STATE

Hierdie raamwerk is goedgekeur vir uitreiking deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (RRS), waarvan die hoof funksie is die vasstelling van algemeen erkende rekeningkundige praktyk soos vereis deur artikel 216 (1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996). In die opstel van hierdie raamwerk is daar na die volgende verwys:

- die raamwerk wat deur die International Accounting Standards Committee (IASC) ontwikkel is en in Julie 1988 deur die IASC uitgereik is,
- die International Public Sector Accounting Standard oor Presentation of Financial Statements wat deur die International Federation of Accountants se Public Sector Committee uitgereik is,
- die Statement of Principles for Financial Reporting Entities wat deur die Accounting Standards Board of the United Kingdom uitgereik is,
- die Proposed Interpretation for Public Benefit Entities wat deur die Accounting Standards Board of the United Kingdom uitgereik is,
- Study 11 oor Government Financial Reporting wat deur die International Federation of Accountants se Public Sector Committee uitgereik is, en
- Concepts Statement No. 1 van die Governmental Accounting Standards Board of the United States of America.

Hierdie raamwerk is oorspronklik in Junie 2004 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende gewysig:

- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 104 *Finansiële Instrumente*
 - AERP 105 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*
 - AERP 106 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*



Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg ©2004 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar, versend, of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te produseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.



Inhoud

Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State

	Paragrafe
Inleiding	.01 - .24
Doel en status	.01 - .09
Omvang	.10 - .12
Gebruikers en hul inligtingsbehoefes	.13 - .14
Evaluering van rentmeesterskap	.15 - .21
Rekenpligtigheid	.22 - .24
Die doel met finansiële state	.25 - .36
Finansiële stand, finansiële prestasie, kontantvloei en veranderinge in netto bates	.28 - .35
Aantekeninge en aanvullende bylaes	.36
Onderliggende aannames	.37 - .38
Toevallingsgrondslag	.37
Lopende saak	.38
Kwalitatiewe kenmerke van finansiële state	.39 - .63
Verstaanbaarheid	.40 - .41
Toepaslikheid	.42 - .47
Wesenlikheid	.46 - .47
Betroubaarheid	.48 - .55
Getroue weergawe	.50 - .51
Inhoud bo vorm	.52
Neutraliteit	.53
Omsigtigheid	.54
Volledigheid	.55
Vergelykbaarheid	.56 - .59
Beperkinge op toepaslike en betroubare inligting	.60 - .62
Tydigheid	.60
Balans tussen voordeel en koste	.61
Balans tussen kwalitatiewe kenmerke	.62
Redelike aanbieding	.63



Die elemente van finansiële state	.64 - .109
Finansiële stand	.66 - .68
Bates	.69 - .79
Laste	.80 - .87
Netto bates	.88 - .93
Bydraes van eienaars	.94 - .96
Uitkerings aan eienaars	.97
Finansiële prestasie	.98 - .102
Inkomste	.103 - .106
Uitgawes	.107 - .109
Erkenning van die elemente van finansiële state	.110 - .137
Die waarskynlikheid van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal	.115
Betroubaarheid van meting	.116 - .118
Erkenning van bates	.119 - .120
Erkenning van laste	.121
Onterkenning	.122 - .125
Onterkenning omdat die bate of las afgeskryf is	.122 - .124
Onterkenning omdat daar nie langer aan die maatstawwe vir erkenning voldoen word nie	.125
Erkenning van inkomste	.126 - .129
Paring	.130 - .132
Erkenning van uitgawes	.133 - .137
Meting van die elemente van finansiële state	.138 - .147
Gemengde metingsgrondslae	.142 - .144
Die kies van 'n metingsgrondslag en die besluit om dit te verander al dan nie	.145 - .146
Verdiskontering	.147



Inleiding

Doel en status

- .1 Hierdie raamwerk het ten doel om die beginsels waarop Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk gegrond sal word wanneer spesifieke onderwerpe hanteer word, uiteen te sit. Die primêre doel met die verwoording van hierdie beginsels is om 'n samehangende verwysingsraamwerk te bied wat by die ontwikkeling van algemeen erkende rekeningkundige praktyk vir die openbare sektor gebruik moet word, asook om opstellers en ouditeurs by te staan.
- .2 Gevolglik sit hierdie raamwerk die begrippe uiteen wat die opstel en aanbieding van finansiële state vir gebruikers onderlê. Die doel met die raamwerk is om:
 - a. gebruikers van finansiële state wat opgestel word ooreenkomstig Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk soos die Parlement, die wetgewers en munisipale rade te voorsien van inligting oor die grondslae waarop sulke finansiële state opgestel word en om hulle behulpsaam te wees om vas te stel of behoorlike rentmeesterskap uitgeoefen is;
 - b. opstellers van finansiële state by te staan by die toepassing van Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk en in die hantering van onderwerpe waarvoor daar later 'n Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk opgestel sal moet word;
 - c. ouditeurs by te staan met die vorming van 'n mening oor die vraag of finansiële state voldoen aan Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk;
 - d. gebruikers van finansiële state by te staan met die vertolking van die inligting vervat in finansiële state wat opgestel is ooreenkomstig Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk; en
 - e. aan die Raad 'n konseptuele grondslag te verskaf vir die formulering van Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk en bystand te verleen met hul ontwikkeling.
- .3 Die raamwerk is bedoel om relevant te wees by die finansiële state van enige entiteit binne die openbare sektor, ongeag die grootte van die verslagdoenende entiteit en die aard van die diens wat gelewer word. Met 'n entiteit word een van die volgende bedoel:
 - a. departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
 - b. openbare entiteite;
 - c. handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
 - d. grondwetlike instellings;



- e. munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- f. die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Daar word erken dat sodanige entiteite normaalweg die lewering van dienste as hul hoofdoelwit het, eerder as die oplewering van 'n finansiële opbrengs vir die eienaars van die netto bates. Die terme 'entiteit' en 'verslagdoenende entiteit' word uitruilbaar gebruik.

- .4 Die term 'ekonomiese entiteit' word gebruik om vir doeleindes van finansiële verslae 'n groep entiteite te omskryf wat bestaan uit die beherende entiteit en enige beheerde entiteite.
- .5 Ander terme wat soms gebruik word om na 'n ekonomiese entiteit te verwys, sluit 'administratiewe entiteit', 'gekonsolideerde entiteit' en 'groep' in.
- .6 'n Ekonomiese entiteit kan entiteite insluit met sowel maatskaplikebeleids- as kommersiële doelwitte. 'n Behuisingsdepartement kan byvoorbeeld 'n ekonomiese entiteit wees, waarby ingesluit word entiteite wat behuising teen 'n nominale bedrag bied, asook entiteite wat akkommodasie op 'n kommersiële grondslag verskaf.
- .7 Die term 'finansiële state' wat in hierdie raamwerk gebruik word, is bedoel om van toepassing te wees op die finansiële state van die verslagdoenende entiteit en dié van die ekonomiese entiteit, d.w.s. die gekonsolideerde finansiële state.
- .8 Hierdie raamwerk is nie 'n Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktijk nie en omskryf gevolglik nie standarde vir enige bepaalde metings- of openbaarmakingsaangeleentheid nie, maar is wel 'n raamwerk wat die doelwitte en begrippe uiteensit wat die opstel en aanbieding van finansiële state onderlê. Niks in hierdie raamwerk hef enige spesifieke Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktijk op nie.
- .9 Die raamwerk sal periodiek hersien word op grond van die Raad se ervaring van die werk daarmee.

Omvang

- .10 Die raamwerk handel oor:
 - a. die doel met finansiële state;
 - b. die kwalitatiewe kenmerke wat die nuttigheid van inligting in finansiële state bepaal;
 - c. die definisie, erkenning en meting van die elemente waaruit finansiële state saamgestel is.
- .11 Die raamwerk is gemoeid met veeldoel- finansiële state (hierna genoem finansiële state), met inbegrip van gekonsolideerde finansiële state. Sodanige finansiële state word ten minste jaarliks opgestel en is gerig op die algemene inligtingsbehoefte van 'n wye reeks gebruikers. Talle gebruikers moet staatmaak op die finansiële state as hul hoofbron van finansiële inligting en sodanige



finansiële state moet derhalwe met die oog op hul behoeftes opgestel en aangebied word.

- .12 'n Jaarverslag bestaan uit niefinansiële en finansiële inligting. Die proses van finansiële verslagdoening behels sowel finansiële state as ander finansiële inligting, met inbegrip van verslagdoening oor inligting wat vereis word ingevolge wetgewing en verslae oor die bereiking van uitsette en uitkomste teen voorafbepaalde doelwitte. 'n Volledige stel finansiële state sluit normaalweg 'n staat van finansiële stand, 'n staat van finansiële prestasie, 'n kontantvloeistaat, 'n staat van veranderinge in netto bates, en daardie aantekeninge en ander state en verduidelikende materiaal in wat 'n integrerende deel van die finansiële state uitmaak. Hulle kan ook aanvullende bylaes en inligting gegrond op of verkry uit sodanige state insluit, en moet daarmee saamgelees word. Sodanige bylaes en aanvullende inligting kan byvoorbeeld handel oor finansiële inligting oor dienste en geografiese segmente, asook openbaarmakings oor die uitwerking van veranderende pryse. Finansiële state sluit egter nie items in soos bespreking en ontleding en vergelykbare items wat in 'n jaarverslag ingesluit kan word nie.

Gebruikers en hul inligtingsbehoefte

- .13 Die gebruikers van finansiële state is die Parlement, wetgewers en ander beheerliggame, die publiek wat die dienste ontvang en belastings en heffings betaal, huidige en potensiele befonders en finansiële ondersteuners, verskaffers en krediteure, graderingsagentskappe, ander regerings, internasionale agentskappe, hulpbronverskaffers, ekonome, finansiële ontleders en werknemers. Hulle maak gebruik van finansiële state ten einde te voldoen aan sommige van hul uiteenlopende behoeftes aan inligting. Hierdie behoeftes sluit die volgende in:
- a. *Die Parlement, wetgewers en ander beheerliggame.* Die Parlement, wetgewers en ander beheerliggame verleen gesag aan verslagdoenende entiteite om openbare finansiële sake en hulpbronne te administreer. Hulle kan finansiële state aanwend om die verslagdoenende entiteit se rentmeesterskap van hulpbronne, voldoening aan wetgewing, en sy finansiële stand en finansiële prestasie te evalueer.
 - b. *Nasionale en Provinsiale Tesourieë.* Die Nasionale Tesourie en Provinsiale Tesourieë wat gekonsolideerde finansiële state vir die staat opstel en die finansiële state gebruik om die Parlement en die wetgewers te help om die toepaslike toedeling van hulpbronne ooreenkomstig die goedgekeurde begroting te bepaal.
 - c. *Die publiek.* Die publiek sluit belastingbetalers, kiesers, stemgeregtigdes en spesiale belangegroepes in, asook ontvangers van goedere, dienste en oordragte wat deur die staat gemaak of voorsien word. Van belastingbetalers word verwag om hulpbronne aan die staat en ander entiteite te voorsien en hulle stel belang in inligting oor die aanwending van die fondse. Hulle is ook geïnteresseerd om te weet of die staat huidige goedere en dienste befonds uit huidige belastings wat ingevorder is.
 - d. *Befonders en finansiële ondersteuners.* Verskaffers van hulpbronne stel belang in inligting wat hulle help bepaal hoe effektief die staat en die



betrokke entiteite hul rentmeesterskaprolle vervul het. Hulle stel ook belang in inligting oor die aanwending van hulpbronne wat hulle aan die entiteit voorsien het wat nuttig kan wees by die neem van besluite oor hulpbronne wat hulle in die toekoms wil voorsien of wat van hulle verwag sal word om te voorsien. Uitleeners stel belang in inligting wat dit vir hulle moontlik sal stel om vas te stel of hul lenings, en die rente wat daarop verdien word, betaal sal word wanneer dit opeisbaar word. Insgelyks is potensiële uitleeners geïnteresseerd in inligting wat hulle help om te besluit of hulle aan die entiteit moet uitleen en op watter voorwaardes.

- e. *Verskaffers en krediteure.* Verskaffers en krediteure stel belang in inligting wat hulle in staat stel om te bepaal watter bedrae wat aan hulle verskuldig is, betaal sal word wanneer dit opeisbaar word. Krediteure sal waarskynlik oor 'n korter termyn in 'n entiteit belangstel as uitleeners, tensy hulle staatmaak op die voortgesette ondersteuning van die entiteit as 'n sleutelkliënt.
- f. *Graderingsagentskappe.* Die staat en entiteite bekom finansiering uit die nasionale en internasionale kapitaalmarkte deur die uitreiking van obligasies of ander finansiële instrumente. Graderingsagentskappe verskaf evaluering van die staat en sy entiteite se kredietwaardigheid vir die kapitaalmark met gebruik van standaardkategorieë. Vir graderingsagentskappe gaan dit hoofsaaklik om die staat en sy entiteite se vermoë om skuld gereeld terug te betaal en daardie skuld te vereffen wanneer dit opeisbaar word. Graderingsagentskappe oorweeg derhalwe die aard en omvang van ander verpligtinge, die batesteun van die staat, die omvang van sy huidige en geprojekteerde besteding en sy vermoë om dieselfde of verhoogde vlakke van inkomste te genereer.
- g. *Ander regerings, internasionale agentskappe en hulpbronverskaffers.* Regerings en internasionale agentskappe stel belang in die toedeling van hulpbronne en derhalwe die bedrywighede van entiteite. Hulle stel ook belang in die doeltreffende gebruik van hulpbronne wat deur een regeringsfeer aan 'n ander regeringsfeer verskaf word. Hulle het ook 'n spesifieke behoefte aan inligting, en voldoening aan hul verslagdoeningsvereistes dra by tot die statuur van die land in die internasionale gemeenskap.
- h. *Ekonomiese en finansiële ontleders.* Ekonomiese en finansiële ontleders, met inbegrip van die media, bespreek en ontleed inligting namens ander partye met die doel om beleidsrigtings te bepaal.
- i. *Senior bestuur.* Alhoewel lede van die senior bestuur interne gebruikers is en toegang tot meer uitvoerige interne verslae het, bied die algemene eksterne verslae dikwels vir hierdie gebruikers 'n nuttige oorsig oor finansiële sake.
- j. *Werknemers.* Werknemers en hul verteenwoordigende groepe stel belang in inligting oor die stabiliteit en volhoubaarheid van hul werkgewers. Hulle stel ook belang in inligting wat hulle in staat sal stel om die vermoë van die entiteit te bepaal om vergoeding, aftreevoordele en werkgeleenthede te voorsien.



- .14 Hoewel finansiële state nie kan voldoen aan al die inligtingsbehoefes van hierdie gebruikers nie, is daar behoeftes wat al die gebruikers gemeen het. Aangesien die staat, nasionale en provinsiale tesourieë, die Parlement en die wetgewers 'n regstreekse belang het, sal die verskaffing van finansiële state wat voldoen aan hul behoeftes ook voldoen aan die meeste van die behoeftes van ander gebruikers.

Evaluering van rentmeesterskap

- .15 Rentmeesterskap speel 'n belangrike rol in die gebruik van finansiële state van die openbare sektor. Rekenpligtigheid vir die gebruik van openbare fondse en die veilige bewaring van die entiteit se hulpbronne is van die grootste belang. Daar kan 'n wye verskeidenheid mense wees wat 'n belang by hierdie bedrywighede van 'n entiteit het. Finansiële verslagdoening speel 'n groot rol in die vervulling van die plig om openbaar aanspreeklik te wees vir die invordering van belasting en ander inkomste en die gebruik daarvan in die lewering van openbare dienste. Derhalwe is 'n sleuteldoelstelling met finansiële state die voorsiening van inligting om 'n gebruiker se evaluering van behoorlike rentmeesterskap te verbeter. Die evaluering van rentmeesterskap kan ook aandui of fiskale beleid oor die lang termyn volhoubaar sal wees.
- .16 Finansiële state kan slegs 'n gedeeltelike antwoord bied op die doeltreffend en effektiewe gebruik van fondse en ander hulpbronne, aangesien hulle nie aandui wat die vlak of die kwaliteit van die goedere en dienste is wat verskaf is nie. Prestasieverlagdoening is 'n belangrike aspek van openbaresektorverslagdoening, maar val buite die omvang van hierdie raamwerk.
- .17 Die rekenpligtige beampte, rekenpligtige owerheid of munisipale bestuurder (elders in die raamwerk as bestuur ingesluit) van 'n entiteit het die primêre verpligting vir die voorbereiding en aanbieding van die finansiële state van die entiteit. Die bestuur stel ook belang in die inligting vervat in die finansiële state, selfs al het hulle toegang tot bykomende bestuurs- en finansiële inligting wat nodig is vir die uitvoering van hul beplannings-, besluitnemings- en beheerverpligtinge. Die bestuur beskik oor die vermoë om die vorm en inhoud van bedoelde bykomende inligting vas te stel ten einde te voldoen aan sy eie behoeftes. Die verslagdoening oor sodanige inligting val egter buite die omvang van hierdie raamwerk. Desnieteenstaande word gepubliseerde finansiële state gegrond op die inligting wat die bestuur gebruik oor die finansiële stand, finansiële prestasie en veranderinge in die netto bates van die entiteit.
- .18 Die term 'bestuur' in hierdie dokument verwys na daardie persone wat verantwoordelik is vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die bedrywighede van die entiteit, met inbegrip van diegene wat ooreenkomstig wetgewing vir die korporatiewe bestuur van die entiteit verantwoordelik is in gevalle waar daar van hulle vereis word om sodanige funksies te vervul.
- .19 Finansiële state is nie bedoel om aan al die inligtingsbehoefes van gebruikers te voldoen nie. Gebruikers sal gewoonlik die inligting wat hulle uit finansiële state verkry, met inligting uit ander bronne moet aanvul. Hierdie inherente beperkinge



beteken dat van die spesifieke finansiële inligting oor die verslagdoenende entiteit slegs verkry kan word uit ander finansiële verslae as veeldoel- finansiële state. Daardie gebruikers met die gesag om bykomende finansiële inligting te bekom, kan daardie gesag ook aanwend om die inligting in die finansiële state aan te vul.

- .20 By die evaluering van rentmeesterskap oor hulpbronne sal die gebruiker waarskynlik inligting nodig hê bykomend tot dié waaroor in 'n konvensionele aanbidding van finansiële prestasie en finansiële stand verslag gedoen word. Inligting in die materiaal wat finansiële state vergesel, soos die bedryfsoorsig en die oorsig oor programprestasie, word byvoorbeeld vereis ten einde die numeriese inligting in die finansiële state in konteks te plaas. Sodanige inligting kan kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting oor dienste wat die entiteit deur die jaar gelewer het, insluit.
- .21 Baie entiteite maak ook gebruik van ander vorms van aanbidding, waaronder finansiële inligting, en kan van die finansiële state voorsien wees al dan nie. Een voorbeeld is 'n verslag oor programprestasie, wat inligting bied oor die vraag of die entiteit aan sy bestedingsmandate voldoen het en sy prestasiedoelwitte bereik het. Baie entiteite kan ook van ander kommunikasiemetodes as die finansiële state gebruik maak om finansiële inligting te verskaf.

Rekenpligtigheid

- .22 Rekenpligtigheid is die hoeksteen van finansiële verslagdoening in die staat, en die term *rekenpligtigheid* word deurlopend binne hierdie raamwerk gebruik. Rekenpligtigheid is gegrond op die oortuiging dat die burgers 'n "reg het om te weet", 'n reg om openlik verklaarde feite te ontvang wat kan lei tot openbare debat deur die burgers en hul verkose verteenwoordigers. Finansiële verslagdoening speel 'n groot rol in die vervulling van die staat se plig om in 'n demokratiese samelewing openbaar aanspreeklik te wees.
- .23 Openbaresektorentiteite lê belastings op en verskaf dienste. Die belastings wat deur openbaresektorentiteite opgelê word en die dienste wat deur hulle gelewer word, beskik oor kenmerke wat oorweeg behoort te word wanneer finansiëleverslagdoeningsdoelwitte ontwikkel word, terwyl steeds in ag geneem moet word dat belastingbetalers nie kan kies of hulle belastings wil betaal al dan nie. Ook is daar nie 'n proporsionele verband tussen die bedrag wat aan belastings betaal word en die koste of waarde van die dienste wat deur die individu ontvang word nie. Hierdie kenmerke beklemtoon die behoefte aan openbare rekenpligtigheid.
- .24 Op die minste sluit rekenpligtigheid deur finansiële verslagdoening die verskaffing van inligting in om behulpsaam te wees by vasstelling of die staat gewerk het binne die regtens erkende beperkinge wat deur die burgery opgelê is. Die staatstruktuur, die aard van die hulpbronverskaffers en die politieke proses is kenmerke van die omgewing wat die behoefte aan rekenpligtigheid beklemtoon.

Die doel met finansiële state

- .25 Die doelwitte met finansiële verslagdoening wat in hierdie raamwerk uiteengesit word, is soos volg:



- a. Finansiële verslagdoening moet van hulp wees by die vervulling van die staat se plig om openbaar rekenpligtig te wees en moet gebruikers in staat stel om daardie rekenpligtigheid te evalueer deur:
 - i. die verskaffing van inligting om vas te stel of huidigejaarinkomste voldoende was om te voldoen aan die koste van verskaffing van die huidigejaardienste wat gelewer is;
 - ii. aantoning of hulpbronne verkry is en gebruik is ooreenkomstig die entiteit se regtens aanvaarde begroting, en aantoning van voldoening aan ander finansies-verwante wetlike of kontraktuele vereistes;
 - iii. die verskaffing van inligting om gebruikers by te staan by die evaluering van die pogings tot dienslewering, koste en prestasies van die entiteit.
 - b. Finansiële verslagdoening moet gebruikers van hulp wees by die evaluering van die bedryfsresultate van die entiteit vir die jaar deur:
 - i. die verskaffing van inligting oor bronne en gebruike van finansiële hulpbronne;
 - ii. die verskaffing van inligting oor die manier waarop hy sy bedrywighede finansier en voldoen aan sy kontantvloei vereistes;
 - iii. die verskaffing van inligting wat nodig is om vas te stel of sy finansiële stand verbeter of verswak het as gevolg van die jaar se bedrywighede.
 - c. Finansiële verslagdoening moet gebruikers van hulp wees by die evaluering van die vlak van dienste wat deur die entiteit gelewer kan word en sy vermoë om te voldoen aan sy verpligtinge namate hulle verskuldig raak deur:
 - i. die verskaffing van inligting oor sy finansiële stand en toestand;
 - ii. die verskaffing van inligting oor sy fisiese en ander niefinansiële hulpbronne wat nutsdure het wat tot na die huidige jaar strek, met inbegrip van inligting wat gebruik kan word om die dienspotensiaal van daardie hulpbronne te evalueer;
 - iii. die openbaarmaking van wetlike of kontraktuele beperkings op hulpbronne en die risiko van potensiële verlies aan hulpbronne.
- .26 Die doel met finansiële state is om inligting te verskaf oor die finansiële stand, finansiële prestasie, kontantvloei en veranderinge in netto bates van 'n entiteit wat nuttig is vir 'n groot verskeidenheid gebruikers. Finansiële state toon ook die resultate van die rentmeesterskap van die bestuur en die rekenpligtigheid van die bestuur ten opsigte van die hulpbronne wat aan die bestuur toevertrou word.
- .27 Finansiële state wat vir hierdie doel opgestel word, voldoen aan die algemene behoeftes van die meeste gebruikers. Finansiële state voorsien egter nie al die inligting wat gebruikers nodig mag hê om besluite te neem nie, aangesien hulle hoofsaaklik die finansiële gevolge van vorige gebeure uitbeeld en nie noodwendig niefinansiële inligting verskaf nie.



Finansiële stand, finansiële prestasie, kontantvloei en veranderinge in netto bates

- .28 Die besluite wat deur gebruikers van finansiële state geneem word, vereis 'n evaluering van die vermoë van 'n entiteit om volhoubare dienslewering te implementeer en van die tydsberekening en sekerheid van die lewering daarvan.
- .29 Inligting oor die finansiële prestasie van 'n entiteit gee 'n beskrywing van die rentmeesterskap van die bestuur en is nuttig vir die evaluering van die vorige en verwagte finansiële prestasie van die entiteit. Inligting oor veranderlikheid van finansiële prestasie is in hierdie opsig belangrik. Inligting oor finansiële prestasie is nuttig om die bestuur verantwoordbaar te hou vir die veilige bewaring van die entiteit se hulpbronne en vir die behoorlike en doeltreffende gebruik daarvan. Dit kan ook nuttig wees by die beoordeling van die effektiwiteit waarmee die entiteit bykomende hulpbronne kan aanwend.
- .30 Die finansiële stand van 'n entiteit word beïnvloed deur die hulpbronne wat hy beheer, sy finansiële struktuur, sy likiditeit en volhoubaarheid, asook sy kapasiteit om aan te pas by veranderinge in die omgewing waarin hy bedrywig is. Inligting oor die hulpbronne wat deur die entiteit beheer word en sy kapasiteit in die verlede om daardie hulpbronne aan te pas, is nuttig vir die voorspelling van die entiteit se vermoë om sy dienslewering in die toekoms vol te hou. Inligting oor finansiële struktuur is nuttig vir die voorspelling van toekomstige finansierings- en leningsbehoefes; dit is ook nuttig vir die vasstelling van die entiteit se vermoë om verdere finansiering te bekom. Volhoubaarheid verwys na die vermoë om dienslewering oor die langer termyn voort te sit.
- .31 Likiditeit verwys na die beskikbaarheid van kontant in die nabye toekoms ná inagneming van finansiële verpligtinge oor daardie tydperk. Inligting oor likiditeit is nuttig by die voorspelling van die vermoë van die entiteit om te voldoen aan sy finansiële verpligtinge wanneer hulle verskuldig raak.
- .32 Die likiditeit en volhoubaarheid van 'n nasionale of provinsiale departement is baie afhanklik van hul begrotingstoedeling. Hul finansiële stand word derhalwe hoofsaaklik deur die begroting beïnvloed, terwyl 'n munisipaliteit grootliks staatmaak op eie inkomste in die vorm van eiendomsbelasting en diensgelde en ander dienskoste.
- .33 Inligting met betrekking tot veranderinge in die kontantvloei van 'n entiteit is nuttig ten einde die beleggings-, finansierings- en bedryfsaktiwiteite daarvan gedurende die verslagdoeningstydperk te evalueer. Hierdie inligting is nuttig vir die verskaffing aan die gebruiker van 'n grondslag vir die vasstelling van die vermoë van die entiteit om kontant en kontantekwivalente te genereer en die behoeftes van die entiteit om daardie kontantvloei te benut.
- .34 Inligting oor finansiële stand word hoofsaaklik in 'n staat van finansiële stand verskaf. Inligting oor finansiële prestasie word hoofsaaklik in 'n staat van finansiële prestasie verskaf. Inligting oor kontantvloei word deur middel van 'n kontantvloeistaat in die finansiële state verskaf. Veranderinge in die **residuele belang** (na aftrekking van laste van bates) word in die staat van netto bates aangetoon.

Comment [H1]: *Residual;*
Sakewoordeboek gee vir *residual* aan *respos*.



- .35 Die samestellende dele van die finansiële state hou met mekaar verband omdat hulle verskillende aspekte van dieselfde transaksies of ander gebeure aantoon. Alhoewel elke staat inligting bevat wat van die ander 'n verskil, is daar waarskynlik nie een van hulle wat slegs 'n enkele doel dien of al die inligting verskaf wat vir bepaalde behoeftes van gebruikers nodig is nie. 'n Staat van finansiële prestasie bied byvoorbeeld 'n onvolledige beeld van finansiële prestasie tensy dit gebruik word in samehang met die staat van veranderinge in netto bates en die kontantvloeietaat.

Aantekeninge en aanvullende bylaes

- .36 Die finansiële state bevat ook aantekeninge, aanvullende bylaes en ander inligting. Hulle kan byvoorbeeld bykomende inligting bevat wat betrekking het op die behoeftes van gebruikers oor die items in die staat van finansiële stand en die staat van finansiële prestasie. Hulle kan voorts openbaarmakings bevat oor die risiko's en onsekerhede wat die entiteit en enige hulpbronne en verpligtinge raak wat nie in die staat van finansiële stand erken word nie. Inligting oor dienssegmente en die uitwerking van veranderende pryse op die entiteit kan ook in die vorm van aanvullende inligting voorsien word.

Onderliggende aannames

Toevallingsgrondslag

- .37 Om te kan voldoen aan die verklaarde doelwitte wat in paragraaf .25 - .27 gestel word, moet finansiële state volgens die toevallingsgrondslag van verantwoording opgestel word. Daarvolgens word die uitwerking van transaksies en ander gebeure erken wanneer hulle voorkom (en nie soos kontant of die ekwivalent daarvan ontvang of betaal word nie) en hulle word in die rekeningkundige rekords en in die finansiële state van die tydperke waarop hulle betrekking het, te boek gestel. Finansiële state wat volgens die toevallingsgrondslag opgestel word, lig gebruikers in nie slegs oor vorige transaksies waarby die betaling en ontvangs van kontant betrokke is nie, maar ook oor verpligtinge om kontant te betaal en/of in die toekoms dienste te lewer en oor hulpbronne wat kontant wat ontvang moet word en/of potensiaal om in die toekoms dienste te lewer, verteenwoordig. Gevolglik verskaf hulle die tipe inligting oor vorige gebeure en ander transaksies wat die bruikbaarste is vir gebruikers om die staat se verpligting tot rekenpligtigheid te evalueer.

Comment [H2]: Vgl. bronteks.

Lopende saak

- .38 Die finansiële state moet opgestel word in die veronderstelling dat 'n entiteit 'n lopende saak is en vir die afsienbare toekoms sy bedrywigheede sal voortsit. Finansiële probleme van openbaresektorentiteite word normaalweg opgelos deur óf die vermoë om belastings te hef óf die een of ander ingryping ten einde te verseker dat die dienste in stand gehou word. Gevolglik behels 'n oorweging van die lopende saak besluitneming oor die vraag of die entiteit in sy huidige of een of ander aangepaste vorm, waarby 'n samesmelting ingesluit kan wees, sal voortgaan. Slegs by hoë uitsondering sal die bedrywigheede heeltemal tot stilstand kom, byvoorbeeld wanneer die staat 'n waarborg van verskuldigheid opskort en geen ander ingryping vir die entiteit voorgestel word om as 'n lopende



saak voort te bestaan nie. In sulke omstandighede moet die finansiële state dalk op 'n ander grondslag opgestel word; indien dit die geval is, moet die grondslag openbaar gemaak word.

Kwalitatiewe kenmerke van finansiële state

- .39 Kwalitatiewe kenmerke is die eienskappe wat die inligting wat in finansiële state verskaf word, vir gebruikers nuttig maak. Die vier vernaamste kwalitatiewe kenmerke is verstaanbaarheid, toepaslikheid, betroubaarheid en vergelykbaarheid.

Verstaanbaarheid

- .40 'n Wesenlike eienskap van die inligting wat in finansiële state verskaf word, is dat dit vir gebruikers gereadig verstaanbaar moet wees. Vir daardie doel word aanvaar dat gebruikers 'n redelike kennis het van die regering, die entiteit se bedrywighede en omgewing, asook rekeningkunde, en bereid sal wees om die inligting met redelike deeglikheid te bestudeer. Inligting oor ingewikkelde aangeleenthede wat in die finansiële state ingesluit behoort te word vanweë die toepaslikheid daarvan op die besluitnemingsbehoefte van gebruikers behoort egter nie uitgesluit te word bloot omdat dit vir bepaalde gebruikers te moeilik kan wees om te verstaan nie.
- .41 Wanneer daar oor die vermoë van die gebruikers van die finansiële state besin word, wil dit voorkom of dit nie altyd gepas is om te aanvaar dat hulle 'n redelike kennis van rekenpligtigheid, rentmeesterskap en politieke doelwitte het nie. Om finansiële state egter vir 'n groot verskeidenheid gebruikers vir algemene doeleindes nuttig te maak, moet die opstellers 'n redelike kennis kan veronderstel. In hierdie opsig word 'n belangrike rol vervul deur tussengangers soos toesighoudende en regulatoriese liggame wat dikwels namens gebruikers soos belastingbetalers en skenkers optree by die evaluering van die finansiële prestasie van 'n entiteit en sy bestuur. In sulke omstandighede kan die vermoëns van gebruikers bepaal word met verwysing na die verwagte vermoëns van die tussenganger.



Toepaslikheid

- .42 Om nuttig te wees, moet inligting op die besluitnemingsbehoefte van gebruikers toepaslik wees. Inligting het die eienskap van toepaslikheid wanneer dit behoorlike rentmeesterskap bevorder deur gebruikers te help om vorige, huidige of toekomstige gebeure te evalueer of hul vorige evalueringe te bevestig of reg te stel.
- .43 Die voorspellende en bevestigende rolle van inligting is onderling verbonde. Inligting oor die huidige vlak en struktuur van batebelange het byvoorbeeld vir gebruikers waarde wanneer hulle poog om die vermoë van die entiteit om geleenthede te baat te neem, asook sy vermoë om op nadelige situasies te reageer, vooruit te skat. Dieselfde inligting speel 'n versterkende rol ten opsigte van vorige voorspellings oor byvoorbeeld die manier waarop die entiteit gestruktureer kan word of die uitkoms van beplande bedrywighede.
- .44 Inligting oor finansiële stand en vorige finansiële prestasie word dikwels gebruik as die grondslag vir die vooruitskatting van toekomstige finansiële stand en finansiële prestasie, asook ander aangeleenthede waarin gebruikers regstreeks belangstel. Om voorspellingswaarde te hê hoef inligting nie die vorm van 'n uitdruklike voorspelling aan te neem nie. Die vermoë om vooruitskattings uit finansiële state te maak egter verbeter deur die manier waarop inligting oor vorige transaksies en gebeure aangebied word. Die inligtingswaarde van die staat van finansiële prestasie word byvoorbeeld verbeter indien items van inkomste of uitgawe wat van beduidende omvang, aard of voorkoms is, afsonderlik openbaar gemaak word.
- .45 In die openbare sektor is die doelstelling met wetgewing om te verseker dat begrotings gebalanseer word en skulde beperk word met die oog daarop om billikheid van een jaar, een ampstermyn of een generasie na die volgende te bewerkstellig. Kortom, finansiële verslagdoening moet gebruikers help bepaal of inkomste in die huidige jaar voldoende is om te betaal vir die dienste wat daardie jaar gelewer word, en of dit vir toekomstige belastingbetalers nodig sal wees om laste te aanvaar vir dienste wat vroeër gelewer is.

Wesenlikheid

- .46 Die toepaslikheid van inligting word beïnvloed deur die aard en wesenskap daarvan. In sommige gevalle is die aard van inligting alleen voldoende om die toepaslikheid daarvan vas te stel. Die verslagdoening oor 'n nuwe program of dienssegment kan byvoorbeeld die evaluering van die risiko's en geleenthede wat die entiteit in die gesig staar, beïnvloed, ongeag die wesenskap van die resultate wat in die verslagdoeningstydperk deur die nuwe segment behaal is. In ander gevalle is sowel die aard as die wesenskap belangrik, byvoorbeeld die bedrae van voorraad wat in elkeen van die hoofkategorieë gehou word wat op die entiteit van toepassing is.
- .47 Inligting is wesenlik indien die weglating, wanvoorstelling of nie-openbaarmaking daarvan die besluite van gebruikers wat op grond van die finansiële state geneem word, kan beïnvloed. Wesenskap hang van die omvang van die item



of fout af soos geoordeel in die besondere omstandighede van sy weglating, wanvoorstelling of nie-openbaarmaking in die finansiële state. Wesenlikheid bied dus 'n drempel of afsnypunt eerder as dat dit 'n primêre kwalitatiewe kenmerk is waarvoor inligting moet beskik om nuttig te wees.

Betroubaarheid

- .48 Om nuttig te wees, moet inligting ook betroubaar wees. Inligting beskik oor die kenmerk van betroubaarheid as dit vry is van wesenlike foute en partydigheid en gebruikers daarop kan vertrou as 'n getroue weergawe van wat dit óf bedoel om voor te stel, óf redelikerwys verwag kan word om voor te stel.
- .49 Inligting kan wel toepaslik wees, maar so onbetroubaar van aard of voorstelling dat die erkenning daarvan potensieel misleidend kan wees. Indien die geldigheid en bedrag van 'n eis om skadevergoeding ingevolge 'n regsgeding betwis word, kan dit vir die entiteit byvoorbeeld ontoepaslik wees om die volle eisbedrag in die staat van finansiële stand te erken, alhoewel dit toepaslik kan wees om die bedrag en omstandighede van die eis openbaar te maak.

Getroue weergawe

- .50 Om betroubaar te kan wees, moet inligting die transaksies en ander gebeure getrou kan weergee, of na redelike verwagting kan weergee, soos die bedoeling daarmee is. Dus moet 'n staat van finansiële stand byvoorbeeld die transaksies, voorwaardes en ander gebeure wat bates, laste en netto bates van die entiteit tot gevolg het, getrou weergee op die verslagdoeningsdatum wat **voldoen** aan die erkenningsmaatstawwe.
- .51 Die meeste finansiële inligting is onderhewig aan 'n mate van risiko dat dit nie heeltemal 'n getroue weergawe is van wat met die voorstelling daarvan bedoel word nie. Dit is nie te wyte aan **sydigheid** nie, maar eerder aan inherente probleme, hetsy met die identifisering van die transaksies en ander gebeure wat gemeet moet word, of met die opstelling en toepassing van metings- en aanbiedingstegnieke wat boodskappe kan oordra wat met daardie transaksies en gebeure ooreenstem. In bepaalde gevalle kan die meting van die finansiële gevolge van items so onseker wees dat entiteite hulle gewoonlik nie in die finansiële state sal erken nie; alhoewel openbare entiteite byvoorbeeld ontasbare bates oor tyd intern genereer, is dit gewoonlik moeilik om so 'n ontasbare bate betroubaar te identifiseer of meet. In ander gevalle kan dit egter toepaslik wees om items te erken en om die risiko van foute rondom die erkenning en meting daarvan openbaar te maak.

Inhoud bo vorm

- .52 Indien inligting getrou die veronderstelde transaksies en ander gebeure moet weergee, is dit nodig dat hulle in rekening gebring word en weergegee word ooreenkomstig hul wese en ekonomiese realiteit en nie bloot hul wetlike vorm nie. Die wese van transaksies of ander gebeure is nie altyd in ooreenstemming met dit wat uit hul wetlike of **gekonstrueerde** vorm blyk nie. 'n Entiteit kan byvoorbeeld 'n bate op so 'n wyse aan 'n ander party vervreem dat dit uit die dokumentasie voorkom asof regtens erkende eienaarskap aan daardie party oorgedra word; desnieteenstaande kan ooreenkomste bestaan wat verseker dat die entiteit voortgaan om die toekomstige ekonomiese voordele of

Comment [H3]: Vgl. asb. bronteks.

Comment [H4]: bias – kyk
Statistiekterme sydigheid

Comment [H5]: contrived



dienspotensiaal wat in die bate vergestalt word, te geniet. 'n Voorbeeld van so 'n transaksie kan 'n openbare-privaat vennootskap wees om 'n pad te bestuur. In sulke omstandighede sal die verslagdoening oor 'n verkoop nie die transaksie wat aangegaan word (indien daar hoegenaamd 'n transaksie was), getrou weergee nie.

Neutraliteit

- .53 Om betroubaar te wees, moet die inligting wat in finansiële state vervat is, neutraal wees, dit wil sê sonder enige **sydigheid**. Finansiële state is nie neutraal nie indien hulle, hetsy deur die seleksie of deur aanbieding van inligting, die neem van 'n besluit of oordeel beïnvloed ten einde 'n voorafbepaalde resultaat of uitkoms te bereik.

Omsigtigheid

- .54 Die opstellers van finansiële state het inderdaad te kampe met die onsekerhede wat noodwendig met talle gebeure en omstandighede gepaard gaan, soos die invorderbaarheid van twyfelagtige debiteure en die waarskynlike nutsduur van aanleg en toerusting. Sodanige onsekerhede word erken deur die openbaarmaking van hul aard en omvang en deur die uitoefening van omsigtigheid in die opstel van die finansiële state. Omsigtigheid is die insluiting van 'n mate van versigtigheid in die uitoefening van die oordeel wat nodig is by ramings wat onder onsekere omstandighede gemaak moet word, in so 'n mate dat bates of inkomste nie ooraangegee word nie en laste of uitgawes nie onderaangegee word nie. Die uitoefening van omsigtigheid laat egter byvoorbeeld nie die skepping van verborge reserwes of oormatige voorsienings, die doelbewuste onderaangewing van bates of inkomste, of die doelbewuste ooraangewing van laste of uitgawes toe nie, omdat die finansiële state dan nie neutraal sou wees nie en derhalwe nie die eienskap van betroubaarheid sou hê nie.

Volledigheid

- .55 Om betroubaar te wees, moet die inligting in finansiële state binne die grense van weselikheid en koste volledig wees. 'n Weglating kan meebring dat inligting vals of misleidend sal wees en dus onbetroubaar en ontoereikend wat die toepaslikheid daarvan betref.

Vergelykbaarheid

- .56 Gebruikers moet in staat wees om die finansiële state van 'n entiteit oor tyd te vergelyk ten einde neigings in sy finansiële stand en finansiële prestasie te identifiseer. Gebruikers moet ook in staat wees om die finansiële state van verskillende entiteite te vergelyk ten einde hul betreklike finansiële stand, finansiële prestasie en veranderinge in netto bates te evalueer. Gevolglik moet die meting en bewys van die finansiële uitwerking van soortgelyke transaksies en ander gebeure konsekwent uitgevoer word deur die hele entiteit, asook oor tyd vir daardie entiteit en op 'n konsekwente wyse vir verskillende entiteite.
- .57 'n Belangrike implikasie van die kwalitatiewe kenmerk van vergelykbaarheid is dat gebruikers in kennis gestel moet word van die rekeningkundige beleide wat



toegepas moet word by die opstel van die finansiële state, by enige veranderinge in daardie beleide en by die uitwerking van sodanige veranderinge. Gebruikers moet in staat wees om verskille te identifiseer tussen die rekeningkundige beleide wat dieselfde entiteit asook verskillende entiteite van tyd tot tyd vir soortgelyke transaksies en ander gebeure gebruik. Voldoening aan Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk, met inbegrip van die openbaarmaking van die rekeningkundige beleide wat die entiteit gebruik, help om vergelykbaarheid te bewerkstellig.

- .58 Die behoefte aan vergelykbaarheid moenie verwar word met blote eenvormigheid oor tyd nie en daar moenie toegelaat word dat dit 'n beletsel word op die invoer van verbeterde rekeningkundige beleide nie. Dit is nie vir 'n entiteit gepas om rekeningkunde op dieselfde manier voort te sit vir 'n transaksie of ander gebeurtenis indien die beleid wat aanvaar is, nie in ooreenstemming is met die kwalitatiewe kenmerke van toepaslikheid en betroubaarheid nie. Dit is ook vir 'n entiteit ontoepaslik om sy rekeningkundige beleide onveranderd te laat wanneer daar meer toepaslike en betroubare alternatiewe bestaan.
- .59 Omdat gebruikers graag die finansiële stand, finansiële prestasie en veranderinge in netto bates van 'n entiteit oor tyd wil vergelyk, is dit belangrik dat die finansiële state ooreenstemmende inligting vir die voorafgaande tydperk(e) aantoon. Vergelykende syfers dra by tot die evaluering van prestasie.

Beperkinge op toepaslike en betroubare inligting

Tydigheid

- .60 Indien daar onnodige vertraging in die verslagdoening oor inligting plaasvind, kan dit die toepaslikheid daarvan verloor. Tydigheid van verslagdoening word egter deur wetgewing voorgeskryf, maar waar die bestuur aansoek gedoen het om die nodige uitstel, indien enige, moet hulle dalk die betrokke voordele van tydig verslagdoening opweeg teen die verskaffing van betroubare inligting. Om inligting tydig te verskaf, kan dit dikwels nodig wees om verslag te doen voordat alle aspekte van 'n transaksie of ander gebeurtenis bekend is, waardeur betroubaarheid dan ingeboet word. Omgekeerd, indien verslagdoening vertraag word totdat alle aspekte bekend is, kan die inligting uiters betroubaar wees, maar van weinig nut vir gebruikers wat in die tussentyd besluite moes neem. Vir die vind van 'n balans tussen toepaslikheid en betroubaarheid is die deurslaggewende oorweging hoe om die ekonomiese besluitnemingsbehoefte van gebruikers ten beste te dien.

Balans tussen voordeel en koste

- .61 Die balans tussen voordeel en koste is 'n ernstige beperking eerder as 'n kwalitatiewe kenmerk. Die voordele verkry uit inligting behoort die koste van die verskaffing daarvan te oorskry. Die evaluering van voordele en koste is egter in wese 'n oordeelsproses. Voorts word die koste nie noodwendig gedra deur daardie gebruikers wat die voordele geniet nie. Ander gebruikers as dié vir wie die inligting opgestel word, kan ook voordele geniet; die voorsiening van verdere inligting aan verskaffers kan die aankoopkoste van 'n entiteit verminder. Derhalwe is dit moeilik om 'n koste-voordeeltoets in enige bepaalde geval toe te



pas. Desnieteenstaande moet veral standaardstellers, maar ook die opstellers en gebruikers van finansiële state, bewus wees van hierdie beperking.

Balans tussen kwalitatiewe kenmerke

- .62 In die praktyk is 'n balansering, of verrekening, tussen kwalitatiewe kenmerke dikwels nodig. In die reël is die mikpunt om 'n toepaslike balans onder die kenmerke te bereik ten einde te voldoen aan die doelstelling met finansiële state. Die betreklike belangrikheid van die kenmerke in verskillende gevalle is 'n saak van professionele oordeel.

Redelike aanbieding

- .63 Finansiële state word dikwels beskryf as die redelike aanbieding van die finansiële stand, finansiële prestasie en veranderinge in netto bates van 'n entiteit. Alhoewel hierdie raamwerk nie regstreeks op sodanige begrippe gerig is nie, het die toepassing van die vernaamste kwalitatiewe kenmerke en van toepaslike rekeningkundige standaarde normaalweg finansiële state tot gevolg wat duidelik oordra wat in die reël as 'n redelike aanbieding van sodanige inligting beskou word.

Die elemente van finansiële state

- .64 Finansiële state beskryf die finansiële gevolge van transaksies en ander gebeure deur hulle in breë klasse in te deel volgens hul ekonomiese kenmerke. Hierdie breë klasse word genoem die elemente van finansiële state. Die elemente wat regstreeks aan die meting van finansiële stand in die staat van finansiële stand verwant is, is bates, laste en netto bates. Die elemente wat regstreeks aan die meting van finansiële prestasie in die staat van finansiële prestasie verwant is, is inkomste en uitgawes. Die kontantvloei staat weerspieël gewoonlik elemente van die staat van finansiële prestasie en veranderinge in elemente van die staat van finansiële stand; gevolglik identifiseer hierdie raamwerk geen elemente wat alleen eie aan hierdie staat is nie.
- .65 Die aanbieding van hierdie elemente in die staat van finansiële stand en die staat van finansiële prestasie behels 'n proses van subklassifikasie. Bates en laste word byvoorbeeld volgens hul aard of funksie in die entiteit geklassifiseer ten einde inligting vir doeleindes van die neem van ekonomiese besluite op die bruikbaarste wyse vir gebruikers weer te gee.

Finansiële stand

- .66 Die elemente wat regstreeks verband hou met die meting van finansiële stand, is bates, laste en netto bates. Hulle word soos volg omskryf:
- a. 'n Bate is 'n hulpbron wat as gevolg van gebeure in die verlede deur die entiteit beheer word en waaruit toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal verwag word om na die entiteit te vloei.
 - b. 'n Las is 'n huidige verpligting van die entiteit wat voortspruit uit vorige gebeure, waarvan die aflossing na verwagting 'n uitvloeï uit die entiteit van



hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal behels, tot gevolg sal hê.

- c. Netto bates is die oorblywende belang van die eienaars in die bates van die entiteit ná aftrekking van al sy laste. (Die term “eienaars” word breedvoeriger in paragraaf .94 verduidelik.)
- .67 Die definisies van ’n bate en ’n las identifiseer hul wesenskenmerke maar poeg nie om die maatstawwe te spesifiseer waaraan voldoen moet word voordat hulle in die staat van finansiële stand erken word nie. Die definisies omvat dus items wat nie as bates of laste in die staat van finansiële stand erken word nie, omdat hulle nie voldoen aan die maatstawwe vir erkenning wat in paragraaf .111 - .122 bespreek word nie. In die besonder moet daar genoegsame sekerheid bestaan dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat na verwagting na of vanuit ’n entiteit sal vloei, sal voldoen aan die waarskynlikheidsmaatstaf in paragraaf .116 voordat ’n bate of las erken word.
- .68 By die bepaling of ’n item aan die definisie van ’n bate, las of netto bates voldoen, moet aandag geskenk word aan die onderliggende aard en ekonomiese werklikheid daarvan en nie bloot die regsform daarvan nie. Derhalwe is dit byvoorbeeld in die geval van bruikhuur die wese en ekonomiese realiteit dat die huurder die ekonomiese voordele of dienspotensiaal van die gebruik van die gehuurde bate vir die grootste deel van die nutsduur daarvan bekom in ruil vir die aangaan van ’n verbintenis om vir daardie reg ’n bedrag te betaal wat by benadering gelykstaande is aan die billike waarde van die bate en die verwante finansieringskoste. Gevolglik gee die bruikhuur aanleiding tot ’n item wat voldoen aan die definisie van ’n bate en ’n las, en dit word in die huurder se staat van finansiële stand as sodanig erken.

Bates

- .69 Bates bied aan entiteite die middele om hul doelwitte te bereik. Bates wat gebruik word om goedere en dienste ooreenkomstig ’n entiteit se doelwitte te lewer maar wat nie regstreeks netto kontantinvloei genereer nie, word dikwels beskryf as vergestaltung van “dienspotensiaal”. Bates wat gebruik word om netto kontantinvloei te genereer, word dikwels beskryf as vergestaltung van “toekomstige ekonomiese voordele”. Om al die doeleindes waarvoor bates benut kan word, te omvat, maak hierdie raamwerk gebruik van die term “toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal” om die essensiële kenmerk van bates te beskryf.
- .70 Die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in ’n bate vergestalt is, is die potensiaal om regstreeks of onregstreeks by te dra tot die vloei van kontant en kontantekwivalente na die entiteit of tot die lewering van dienste deur die entiteit. Die potensiaal kan produktief wees en so deel wees van die bedryfsaktiwiteite van die entiteit. Dit kan ook die vorm aanneem van omsetbaarheid na kontant of kontantekwivalente of ’n vermoë om kontantuitvloei te verminder, soos wanneer ’n alternatiewe dienslewering metode die koste van die lewering van dienste verlaag.
- .71 ’n Entiteit maak gewoonlik van sy bates gebruik om goedere of dienste te lewer waardeur daar aan die begeertes of behoeftes van bevoorreedes voldoen kan



word. Daarbenewens word bates in baie gevalle gebruik om goedere of dienste gratis of gesubsidieer aan bevoorreedes of kliënte te lewer. 'n Item kan voldoen aan die definisie van 'n bate indien dit óf regstreeks óf onregstreeks aangewend word om goedere en/of dienste te verskaf wat gebruik word ter bevordering van 'n entiteit se doelwitte. Kontant lewer self 'n diens aan die entiteit vanweë die beheer daarvan oor ander hulpbronne.

Comment [H6]: command over

- .72 Die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in 'n bate beliggaam is, kan op verskillende maniere na die entiteit vloei. 'n Bate kan byvoorbeeld:
- alleen of gesamentlik met ander bates gebruik word in die produksie van goedere of dienste tot voordeel van die entiteit se bevoorreedes;
 - geruil word vir ander bates;
 - gebruik word om 'n las af te los; of
 - onder die eienaars van die entiteit verdeel word. (Die term "eienaars" word breedvoeriger in paragraaf .94 verduidelik.)
- .73 Talle bates, byvoorbeeld eiendom, aanleg en toerusting, het 'n fisiese vorm. Fisiese vorm is egter nie noodsaaklik vir die bestaan van 'n bate nie; gevolglik is mineraalregte, patente en outeursregte byvoorbeeld bates indien verwag word dat ekonomiese voordele of dienspotensiaal van hulle na die entiteit sal vloei en indien hulle deur die entiteit beheer word.
- .74 Talle bates, byvoorbeeld debiteure en eiendom, word geassosieer met wetlike regte, met inbegrip van eiendomsreg. By die vasstelling van die bestaan van 'n bate is eiendomsreg nie noodsaaklik nie; so byvoorbeeld is eiendom wat ingevolge 'n huurkontrak gehou word, 'n bate indien die entiteit die voordele beheer wat na verwagting uit die eiendom sal voortspruit. Alhoewel die vermoë van 'n entiteit om voordele te beheer gewoonlik die resultaat is van wetlike regte, kan 'n item nietemin voldoen aan die definisie van 'n bate selfs as daar geen wetlike beheer is nie. Kundigheid wat uit 'n ontwikkelingsaktiwiteit verkry word, kan byvoorbeeld aan die definisie van 'n bate voldoen wanneer 'n entiteit die voordele wat na verwagting daaruit sal voortvloei, beheer.
- .75 Entiteite wat 'n bate in bewaring hou, het dalk nie al die regsbevoegdhede van eienaarskap nie, soos die bevoegdheid om die item te verkoop. Daar kan ook beperkings wees op die entiteit se gebruik van die bate. Dit beteken egter nie noodwendig dat die entiteit nie toegang tot toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal beheer nie. Om te voldoen aan die vereiste vir beheer, het die entiteit nie onbeperkte bevoegdheid oor die fisiese item nodig nie. In plaas daarvan is dit die regte of toegang tot toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat beheer moet word.
- .76 Die vereiste dat die regte of ander toegang deur die entiteit wat hulle as sy bates behandel, beheer moet word, beteken dat 'n bepaalde reg of ander toegang tot toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal slegs in een stel van enkelentiteit- finansiële state sal verskyn, omdat sulke regte of toegang slegs deur een entiteit regstreeks beheer kan word.



- .77 Die bates van 'n entiteit spruit voort uit vorige transaksies of ander vorige gebeure. Entiteite verkry normaalweg bates deur die aankoop of produsering daarvan, maar ander transaksies of gebeure kan ook bates genereer; voorbeelde daarvan is eiendom wat 'n entiteit as deel van 'n program om ekonomiese groei in 'n gebied te bevorder van die staat ontvang, en die blootlegging van mineraalneerslae. Transaksies of gebeure wat na verwagting in die toekoms sal plaasvind, gee nie self aanleiding tot bates nie; gevolglik voldoen 'n voorneme om byvoorbeeld 'n eie voorraad aan te koop nie aan die definisie van 'n bate nie.
- .78 Daar is 'n sterk verband tussen die aangaan van uitgawes en die generering van bates, maar die twee val nie noodwendig saam nie. Wanneer 'n entiteit dus uitgawes aangaan, kan dit bewys lewer dat daar 'n poging was om toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal te bekom, maar dit is nie afdoende bewys dat 'n item wat aan die definisie van 'n bate voldoen, verkry is nie. Insgelyks verhinder die afwesigheid van 'n verwante uitgawe nie dat 'n item voldoen aan die definisie van 'n bate en dus in aanmerking kom vir erkenning in die staat van finansiële stand nie; items wat byvoorbeeld aan die entiteit geskenk word, kan aan die definisie van 'n bate voldoen.
- .79 In die mate waarin daar nie verwag word dat 'n bate binne die afsienbare toekoms benut sal word nie, het daar waarskynlik waardedaling ingetree. Waardedaling is 'n verlies in die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van 'n bate, bo en behalwe die sistematiese erkenning van die verlies van die bate se toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur waardevermindering. Waardedaling weerspieël derhalwe 'n daling in die nut van 'n bate vir die entiteit wat dit beheer.

Laste

- .80 'n Noodsaaklike kenmerk van 'n las is dat die entiteit 'n huidige verpligting het. 'n Verpligting is 'n plig of verantwoordelikheid om op 'n bepaalde manier te handel of te presteer. Verpligtinge kan vanweë 'n bindende kontrak of statutêre vereiste wettig afdwingbaar wees, d.w.s. die entiteit het geen realistiese alternatief om die uitvloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal te voorkom nie. Dit is normaalweg die geval met byvoorbeeld bedrae wat betaalbaar is vir dienste wat gelewer en goedere wat ontvang word. Verpligtinge kan egter ook ontstaan uit normale sakepraktyk, gewoonte en 'n begeerte om goeie betrekkinge te handhaaf of op 'n billike wyse op te tree.
- .81 'n Onderskeid moet gemaak word tussen 'n huidige verpligting en 'n toekomstige verbintenis. 'n Besluit deur die bestuur van 'n entiteit om in die toekoms bates te verkry gee nie op sigself aanleiding tot 'n huidige verpligting nie. 'n Verpligting ontstaan normaalweg slegs wanneer die bate gelewer word of die entiteit 'n onherroeplike ooreenkoms aangaan om die bate te verkry. In laasgenoemde geval beteken die onherroeplike aard van die ooreenkoms dat die ekonomiese gevolge van versuim om die verpligting na te kom, byvoorbeeld vanweë die bestaan van 'n hofbevel, die entiteit laat met geen realistiese alternatief om die uitvloei van hulpbronne na 'n ander party te voorkom nie.



- .82 Regerings maak en wysig algemene beloftes en beleide as deel van die deurlopende politieke prosesse. Oorweging behoort aan sodanige beloftes geskenk te word om vas te stel of en wanneer sulke beloftes aanleiding gegee het tot 'n huidige verpligting en/of 'n toekomstige verbintenis.
- .83 Die nakoming van 'n huidige verpligting behels gewoonlik dat die entiteit hulpbronne prysgee wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal vergestalt ten einde te voldoen aan die eis van die ander party. Nakoming van 'n huidige verpligting kan op verskillende maniere plaasvind, byvoorbeeld deur:
- betaling van kontant;
 - oordrag van ander bates;
 - voorsiening van dienste;
 - vervanging van daardie verpligting deur 'n ander verpligting; of
 - omsetting van die verpligting na netto bates.
- .84 'n Verpligting kan ook op ander maniere uitgewis word, byvoorbeeld as 'n krediteur van sy regte afstand doen of dit verbeur.
- .85 Laste spruit voort uit vorige transaksies of ander vorige gebeure.
- .86 Soms sal 'n reeks gebeure moet plaasvind voordat die entiteit 'n verpligting sal hê om ekonomiese voordele of dienspotensiaal oor te dra. In sulke omstandighede hang die vraag of die verpligting bestaan, daarvan af of enige gebeure wat nog moet plaasvind onder die entiteit se beheer is. Indien wel, het die entiteit 'n realistiese alternatief om die oordrag te vermy, sodat daar geen verpligting bestaan nie. Solank daar byvoorbeeld 'n realistiese alternatief bestaan om 'n strafbepaling in 'n kontrak te vermy deur te presteer, sal 'n las ten opsigte van die strafbedrag nie tot stand kom nie.
- .87 Sommige laste kan slegs gemeet word deur 'n wesenlike mate van raming, wat soms as voorsienings beskryf word. Wanneer 'n voorsiening dus 'n huidige verpligting behels en aan die res van die definisie voldoen, is dit 'n las, selfs as die bedrag geraam moet word. Voorbeelde hiervan is voorsienings vir betalings wat gemaak moet word ingevolge 'n verpligting om maatskaplike voordele en voorsienings te betaal om pensioenverpligtinge te dek.

Netto bates

- .88 Die oorblywende belang van die eienaars is die bedrag wat gevind word deur al die entiteit se laste van die entiteit se bates af te trek. Die term "eienaars" word breedvoeriger in paragraaf .94 verduidelik.
- .89 "Netto bates" is die term wat in hierdie raamwerk gebruik word om te verwys na die oorblywende maat in the staat van finansiële stand (bates minus laste), en sluit sowel bydraes van eienaars as reserwes in. Netto bates kan positief of negatief wees.

Comment [H7]: measure



- .90 Alhoewel netto bates in paragraaf .66 omskryf word as 'n oorskot, kan dit in die staat van finansiële stand gesubklassifiseer word. Sulke klassifikasies kan verband hou met die besluitnemingsbehoefte van die gebruikers van finansiële state wanneer hulle wys op wetlike of ander beperkings op die vermoë van die entiteit om sy netto bates uit te keer of andersins aan te wend.
- .91 Die totstandbrenging van reserwes word soms deur wetgewing of andersins vereis ten einde aan die entiteit en sy krediteure 'n bykomende mate van beskerming teen die gevolge van toekomstige verliese te verleen. Die bestaan en omvang van hierdie wetlike, statutêre en belastingreserwes is inligting wat ter sake kan wees vir die besluitnemingsbehoefte van gebruikers. Oordragte na sulke reserwes word beskou as aanwendings van geakkumuleerde surplusse en tekorte, en nie uitgawes nie. Enige sodanige oordragte word in die staat van veranderinge in netto bates openbaar gemaak.
- .92 Die onderskeid tussen laste en oorblywende belang is hoogs beduidend. Krediteure het die vermoë om daarop aan te dring dat 'n oordrag van ekonomiese voordele of dienspotensiaal aan hulle gemaak word ongeag die omstandighede. Die meeste entiteite in die openbare sektor is in die besit van ander staatsentiteite of die kieserspubliek of die gemeenskap as geheel. Hierdie eienaars het dikwels nie die reg om aan 'n uitkering van die netto bates deel te neem nie.
- .93 Die bedrag waarteen netto bates in die staat van finansiële stand aangetoon word, is afhanklik van die meting van bates en laste. Normaalweg sal die totale bedrag van netto bates nie noodwendig ooreenstem met die billike waarde van netto bates of die som wat geïen kan word deur die vervreemding van óf die netto bates stuksgewys, óf die entiteit as geheel as 'n lopende saak nie.

Bydraes van eienaars

- .94 Bydraes van eienaars beteken toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat tot die entiteit bygedra is deur partye buite die entiteit, buiten dié wat laste van die entiteit tot gevolg het, wat 'n finansiële belang in die netto bates van die entiteit vestig, en wat:
- (a) geregtigheid beteken op sowel uitkerings van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur die entiteit gedurende sy leeftyd, welke uitkerings na die goeddunke van die eienaars of hul verteenwoordigers is, as op uitkerings van enige oorskot van bates bo laste in die geval waar die entiteit gelikwideer word; en/of
 - (b) verkoop, uitgeruil, oorgedra of afgelos kan word.
- .95 Bydraes van eienaars kan bewys word deur:
- (a) partye by die transaksies wat deel van 'n entiteit se netto bates vorm, hetsy ekwiteitsinstrumente of soortgelyke vorme van eenhedeverdeeldekapitaal, wat verkoop, oorgedra of afgelos kan word;
 - (b) 'n formele aanduiding van 'n oordrag van hulpbronne (of 'n klas van sodanige oordragte) deur die partye by die transaksie as sou dit deel



uitmaak van 'n entiteit se netto bates, hetsy voor die bydrae plaasvind of ten tye van die bydrae; of

- (c) 'n formele ooreenkoms, met betrekking tot die bydrae, wat 'n bestaande finansiële belang in die netto bates van 'n entiteit daarstel of verhoog wat verkoop, oorgedra of afgelos kan word; of
- (d) daardie finansiële laste wat, in wese, 'n belang in die netto bates van die entiteit verteenwoordig.

.96 Transaksies met eienaars wat nie in hul hoedanigheid as eienaars, soos gedefinieer, aangegaan word nie, het inkomste vir die ontvanger en uitgawes vir die oordraggewer tot gevolg.

Uitkerings aan eienaars

.97 Uitkerings aan eienaars is:

- (a) óf verlaginge in die eienaars se oorblywende belange wat voortspruit uit oordragte na eienaars in hul hoedanigheid as eienaars;
- (b) óf dividende of soortgelyke uitkerings wat aan eienaars betaal word as opbrengs op kapitaal.

Finansiële prestasie

.98 Surplus of tekort word dikwels gebruik as 'n aanduiding van finansiële prestasie of as die grondslag vir ander aanduidings, soos opbrengs op belegging. Die elemente wat regstreeks met die meting van surplus of tekort verband hou, is inkomste en uitgawes.

.99 Die inkomste- en uitgawe-elemente word soos volg omskryf:

- a. Inkomste is die bruto invloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk wanneer daardie invloei 'n toename in netto bates tot gevolg het, buiten toenames wat met bydraes van eienaars verband hou.
- b. Uitgawes is afnames in ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk in die vorm van uitvloei of verbruik van bates of ophoping van laste wat verminderinge in netto bates tot gevolg het, buiten dié met betrekking tot uitkerings aan eienaars.

.100 Die definisies van inkomste en uitgawes identifiseer die wesenskenmerke daarvan, maar poog nie om die maatstawwe te spesifiseer waaraan voldoen moet word voordat hulle in die staat van finansiële prestasie erken word nie. Maatstawwe vir die erkenning van inkomste en uitgawes word in paragraaf .111 - .122 bespreek.

.101 Inkomste en uitgawes kan op verskillende maniere in die staat van finansiële prestasie aangebied word ten einde inligting te verskaf wat vir ekonomiese besluitneming tersaaklik is. Dit is byvoorbeeld algemene praktyk om te onderskei

tussen daardie items van inkomste en uitgawes wat in die loop van die bedryfsaktiwiteit van die entiteit ontstaan, en dié wat nie dan ontstaan nie. Hierdie onderskeid word gemaak op grond daarvan dat die bron van 'n item relevant is by die evaluering van die vermoë van die entiteit om in die toekoms diens te lewer en/of kontant en kontantekwivalente te genereer; so is dit byvoorbeeld onwaarskynlik dat bykomstige bedrywighede soos 'n wins wat by die vervreemding van 'n bate gemaak word, herhaaldelik sal voorkom. Wanneer op hierdie wyse tussen items onderskei word, moet oorweging geskenk word aan die aard van die entiteit en sy bedrywighede. Items wat uit die bedryfsaktiwiteit van een entiteit voortspruit, kan ten opsigte van 'n ander ongewoon wees.

Comment [H8]: incidental – toevallige?

- .102 Onderskeiding tussen inkomste- en uitgawe-items en die kombinerings daarvan op verskillende maniere maak dit ook moontlik om verskeie aanduidings van finansiële prestasie van die entiteit aan te bied.

Inkomste

- .103 Die definisie van inkomste omvat sowel inkomste as wins. Inkomste ontstaan in die loop van die bedryfsaktiwiteit van 'n entiteit, en word na verwys deur 'n verskeidenheid van name, waaronder inkomste uit belasting, oordragte (met inbegrip van toewysings en toekennings), rente, dividende en tantièmes.
- .104 Wins verteenwoordig ander items wat voldoen aan die definisie van inkomste en kan in die loop van die bedryfsaktiwiteit van 'n entiteit ontstaan. Wins verteenwoordig 'n toename in ekonomiese voordele of dienspotensiaal en verskil in aard geensins van inkomste nie. Gevolglik word die twee nie geag 'n afsonderlike element in hierdie raamwerk te wees nie.
- .105 Wins sluit byvoorbeeld dit wat uit die vervreemding van niebedryfsbates voortspruit, in. Die definisie van inkomste sluit ook ongerealiseerde wins in, byvoorbeeld dié wat uit die herwaardasie van finansiële instrumente voortspruit en dié wat uit verhogings in die drabedrag van langtermynbates voortspruit. Wanneer wins in die staat van finansiële prestasie of die staat van veranderinge in netto bates erken word, word dit gewoonlik afsonderlik aangegee omdat kennis daarvan nuttig is by die neem van ekonomiese besluite.
- .106 Verskillende soorte bates kan deur inkomste ontvang of verbeter word; kontant kan byvoorbeeld ontvang word vir dienste wat gelewer en goedere wat verskaf word, of belastinge wat verskuldig en betaalbaar is. Inkomste kan ook voortspruit uit die vereffening van laste. 'n Uitleenentiteit kan byvoorbeeld goedere of dienste ontvang ter vereffening van 'n huidige verpligting om 'n uitstaande lening terug te betaal. Inkomste spruit ook voort uit die deel van inkomste wat deur een regeringsfeer ingesamel word en aan 'n ander regeringsfeer oorbetal word, en is ook bekend as 'toewysings', 'toekennings' of 'billike aandeel'.

Uitgawes

- .107 Die definisie van uitgawes omvat verliese sowel as daardie uitgawes wat in die loop van die bedryfsaktiwiteit van die entiteit ontstaan. Uitgawes wat in die loop van die bedryfsaktiwiteit van die entiteit ontstaan, sluit byvoorbeeld koste van verkope of koste van dienste gelewer, lone en waardevermindering in. Hulle



neem gewoonlik die vorm van 'n uitvloei of uitputting van bates soos kontant en kontantekwivalente, voorraad, eiendom, aanleg en toerusting aan.

- .108 Verliese verteenwoordig ander items wat voldoen aan die definisie van uitgawes en kan in die loop van die bedryfsaktiwiteite van 'n entiteit ontstaan. Verliese verteenwoordig vermindering in ekonomiese voordele of dienspotensiaal en verskil as sodanig in wese geensins van ander uitgawes nie. Gevolglik word hulle nie as 'n afsonderlike element in hierdie raamwerk beskou nie.
- .109 Verliese sluit byvoorbeeld dié wat uit rampe soos brande en vloede voortspruit, asook dié wat uit die vervreemding van nie-bedryfsbates voortspruit, in. Die definisie van uitgawes omvat ook ongerealiseerde verliese, byvoorbeeld dié wat voortspruit uit die uitwerking van toenames in die wisselkoers vir 'n buitelandse geldeenheid ten opsigte van die lenings aangegaan deur 'n entiteit in daardie geldeenheid. Wanneer verliese in die staat van finansiële prestasie erken word, word dit gewoonlik afsonderlik aangegee omdat kennis daarvan nuttig is by die neem van ekonomiese besluite. Verliese word dikwels na aftrekking van verwante inkomste aangetoon om die wese van die transaksie of gebeurtenis weer te gee.

Erkenning van die elemente van finansiële state

- .110 Erkenning is die proses van inkorporering van 'n item in die staat van finansiële stand of staat van finansiële prestasie wat voldoen aan die definisie van 'n element en ook voldoen aan die maatstawwe vir erkenning soos in paragraaf .111 uiteengesit. Dit behels die beskrywing van die item in woorde en in geldbedrae, en die insluiting van daardie bedrae in die staat van finansiële stand of die staat van finansiële prestasie se totale. Items wat aan die erkenningsmaatstawwe voldoen, moet in die staat van finansiële stand of staat van finansiële prestasie erken word. Die versuim om sodanige items te erken, word nie deur openbaarmaking van die rekeningkundige beleide wat gebruik word, reggestel nie, en ook nie deur aantekeninge of verduidelikende materiaal nie. Die Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk sal die toepaslike erkenningsmaatstawwe spesifiseer wat vir 'n spesifieke element gebruik moet word.
- .111 Die erkenningsproses het die volgende fases:
 - a. aanvanklike erkenning, wanneer 'n item vir die eerste keer in die primêre finansiële state voorgestel word;
 - b. daaropvolgende hermeting, wat dui op die verandering van die bedrag waarteen 'n reeds erkende bate of las in die primêre finansiële state aangetoon word; en
 - c. ontkenning, wanneer 'n item wat voorheen erken is, ophou om erken te wees.
 - d. 'n Item wat aan die definisie van 'n element voldoen, moet erken word indien:



- dit waarskynlik is dat enige toekomstige ekonomiese voordeel of dienspotensiaal geassosieer met die item na of van die entiteit sal vloei; en
 - die item 'n koste of waarde het wat betroubaar gemeet kan word.
- .112 By vasstelling of 'n item aan hierdie maatstawwe voldoen en derhalwe vir erkenning in die finansiële state kwalifiseer, moet aandag geskenk word aan die wesenslikheidsoorwegings wat in paragraaf .46 en .47 bespreek is. Die onderlinge verband tussen die elemente beteken dat 'n item wat aan die definisie en erkenningsmaatstawwe vir 'n bepaalde element, byvoorbeeld 'n bate, voldoen, outomaties die erkenning van 'n ander element, byvoorbeeld inkomste of 'n las, verkry.
- .113 Die erkenningsproses vereis dat alle gebeure en omstandighede wat op die elemente van die finansiële state 'n uitwerking kan hê, sover moontlik op 'n toepaslike manier in die finansiële state geïdentifiseer en weergegee moet word.
- .114 Transaksies is die algemeenste vorm van sodanige gebeure en is derhalwe die algemeenste rede vir die erkenning en onterkenning van items. Gebeurtenisse buiten transaksies kan nietemin ook die erkenning of onterkenning van items tot gevolg hê. Gebeure soos blootlegging kan byvoorbeeld die totstandbrenging van nuwe bates wat aan die erkenningsmaatstawwe voldoen, tot gevolg hê. Gebeure wat skade aan 'n bate veroorsaak (soos 'n brand), kan 'n behoefte om die betrokke bate of las te onterken, tot gevolg hê.

Die waarskynlikheid van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal

- .115 Die konsep van waarskynlikheid word in die erkenningsmaatstawwe gebruik om te verwys na die graad van onsekerheid dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die item geassosieer word, ná of van die entiteit sal vloei. Die konsep is in ooreenstemming met die onsekerheid wat die omgewing waarin 'n entiteit funksioneer, kenmerk. Evaluering van die onsekerheidsgraad wat aan die vloei van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal gekoppel word, vind plaas op grond van die bewyse wat beskikbaar is wanneer die finansiële state opgestel word. Wanneer dit byvoorbeeld waarskynlik is dat 'n debiteur wat deur 'n entiteit verskuldig is, betaal sal word, is dit in die afwesigheid van enige bewys tot die teendeel regverdigbaar om die debiteur as 'n bate te erken. Vir 'n groot populasie van debiteure word een of ander graad van niebetaling egter normaalweg as waarskynlik beskou; gevolglik word 'n uitgawe wat die verwagte vermindering in ekonomiese voordele of dienspotensiaal verteenwoordig, erken.

Comment [H9]: receivable

Betroubaarheid van meting

- .116 Die tweede maatstaf vir die erkenning van 'n item is dat dit 'n koste of waarde besit wat met betroubaarheid gemeet kan word soos in paragraaf .48 tot .55 van hierdie raamwerk bespreek. In baie gevalle moet koste of waarde geraam word; die gebruik van redelike ramings is 'n noodsaaklike deel van die opstel van finansiële state en ondermyn nie hul betroubaarheid nie. Wanneer 'n redelike raming egter nie gemaak kan word nie, word die item nie in die staat van



finansiële stand of staat van finansiële prestasie erken nie. Die verwagte opbrengs uit 'n regsgeeding kan byvoorbeeld voldoen aan die definisies van bates en inkomste, asook die waarskynlikheidsmaatstaf vir erkenning. As dit egter nie moontlik is om die eis betroubaar te meet nie, moet dit nie as 'n bate of as inkomste erken word nie; die bestaan van die eis moet egter in die aantekeninge, verduidelikende materiaal of aanvullende bylaes openbaar gemaak word.

- .117 'n Item wat op 'n bepaalde tydstip nie daarin slaag om te voldoen aan die erkenningsmaatstawwe in paragraaf .110 nie, kan vanweë daaropvolgende omstandighede of gebeure later vir erkenning kwalifiseer.
- .118 'n Item wat beskik oor die noodsaaklike kenmerke van 'n element maar nie voldoen aan die maatstawwe vir erkenning nie, kan nietemin openbaarmaking in die aantekeninge, verduidelikende materiaal of aanvullende bylaes regverdig. Dit is toepaslik wanneer die gebruikers van finansiële state kennis van die item oorweeg wat verband hou met die evaluering van die finansiële stand, finansiële prestasie en veranderinge in netto bates van 'n entiteit.

Erkenning van bates

- .119 'n Bate word in die staat van finansiële stand erken wanneer dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei, en die bate 'n kostewaarde het wat betroubaar gemeet kan word.
- .120 'n Bate word nie in die staat van finansiële stand erken nie wanneer uitgawes aangegaan is waarvoor dit geag word onwaarskynlik te wees dat ekonomiese voordele of dienspotensiaal tot ná die huidige verslagdoeningstydperk na die entiteit sal vloei. In plaas daarvan lei so 'n transaksie tot die erkenning van 'n uitgawe in die staat van finansiële prestasie. Hierdie behandeling impliseer nóg dat die bedoeling van die bestuur met die aangaan van uitgawes iets anders was as om toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal vir die entiteit te genereer, nóg dat die bestuur mislei is. Die enigste implikasie is dat die mate van sekerheid dat ekonomiese voordele of dienspotensiaal tot ná die huidige verslagdoeningstydperk na die entiteit sal vloei, onvoldoende is om die erkenning van 'n bate te regverdig.

Erkenning van laste

- .121 'n Las word in die staat van finansiële stand erken wanneer dit waarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal vergestalt, uit die nakoming van 'n huidige verpligting sal voortspruit en dat die bedrag waarteen die nakoming sal plaasvind, betroubaar gemeet kan word. In die praktyk word verpligtinge ingevolge kontrakte wat in gelyke mate proporsioneel onuitgevoer is (byvoorbeeld laste vir voorraad wat bestel is, maar nie ontvang is nie), in die reël nie in die finansiële state as laste erken nie. Sodanige verpligtinge kan egter voldoen aan die definisie van laste en kan, mits daar in die besondere omstandighede aan die erkenningsmaatstawwe voldoen word, vir erkenning kwalifiseer. In sulke omstandighede behels erkenning van laste erkenning van verwante bates of uitgawes.



Onterkenning

Onterkenning omdat die bate of las afgeskryf is

- .122 Bates word mettertyd verbruik, oorgedra of andersins mee weggedoen, of hulle verval. Insgelyks is laste geneig om vereffen, uitgewis of oorgedra te word, of hulle verval. In sulke omstandighede kan dit nodig wees om sommige van of die hele bate of las wat betrokke is, te ont erken.
- .123 Sommige transaksies laat sekere van die regte op toekomstige voordele wat eie aan 'n bate is (of huidige verpligtinge wat eie aan 'n las is), onaangeraak, terwyl ander uitgeskakel word. In sulke omstandighede word ontleding vereis om te bepaal of die uitwerking van die transaksie weergegee moet word deur sommige van of al die bates en laste wat betrokke is, te ont erken.
- .124 Ideaal gesproke sou 'n bate of las ont erken word sodra dit afgeskryf is. Daar sal soms egter onsekerheid wees oor 'n item se voortgesette bestaan. In sodanige omstandighede sal ont erkenning nie plaasvind alvorens daar voldoende bewyse bestaan dat die transaksie of ander gebeurtenis uitgeloop het op die afskrywing van die item nie. Wanneer daar onsekerheid bestaan, vereis omsigtigheid gewoonlik meer stawende bewyse van die bestaan van, en 'n groter mate van betroubaarheid van meting vir, bates as wat vir laste vereis word. Dit dui waarskynlik daarop dat indien daar enige beduidende onsekerheid is oor 'n bate se voortgesette bestaan, dit ont erken sal word. In die geval van 'n las sal meer bewyse van die afskrywing daarvan egter nodig wees alvorens dit ont erken sal word.

Onterkenning omdat daar nie langer aan die maatstawwe vir erkenning voldoen word nie

- .125 Dit is moontlik dat alhoewel daar geen beduidende verandering in die inherente aard van 'n reeds erkende bate of las was nie – met ander woorde, alhoewel die bate of las nie afgeskryf is nie – daar nie langer aan die maatstawwe vir erkenning voldoen word nie. 'n Gebeurtenis kan byvoorbeeld bykomende onsekerheid veroorsaak en as gevolg daarvan kan 'n voorheen erkende bate of las nie langer met voldoende betroubaarheid gemeet word nie. By die enkele geleenthede wanneer dit die geval sal wees, word daardie bate of las ont erken, selfs al is dit nie afgeskryf nie.

Erkenning van inkomste

- .126 Inkomste word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer 'n toename in toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat op 'n toename in 'n bate of 'n afname in 'n las betrekking het, voorgekom het wat betroubaar gemeet kan word. Dit kom daarop neer dat erkenning van inkomste gelyktydig met die erkenning van toenames in bates of afnames in laste plaasvind (byvoorbeeld die netto toename in bates wat uit 'n voorsiening van goedere of dienste voortspruit of die afname in laste wat uit die afstanddoening van 'n opeisbare skuld voortspruit).
- .127 Die prosedures wat normaalweg in die praktyk vir die erkenning van inkomste aanvaar word, byvoorbeeld die vereiste dat inkomste verdien behoort te word, is



toepassings van die erkenningsmaatstawwe in hierdie raamwerk. Sodanige prosedures is in die reël daarop gerig om erkenning as inkomste te beperk tot daardie items wat betroubaar gemeet kan word en waaroor daar 'n genoegsame mate van sekerheid bestaan.

- .128 In die veronderstelling dat geen bydrae van eienaars betrokke is nie:
- sal, indien die uitwerking van 'n transaksie of ander gebeurtenis die entiteit se erkende netto bates moet vermeerder, inkomste erken word; en
 - sal 'n uitgawe erken word indien, en in die mate waarin, voorheen erkende bates verminder is, afgeskryf is, of opgehou het om te kwalifiseer vir erkenning as bates sonder 'n ooreenkomstige toename in ander bates of vermindering in laste. Insgelyks sal 'n uitgawe erken word wanneer, en in die mate waarin, 'n las aangegaan of vermeerder word sonder 'n ooreenkomstige toename in erkende bates of 'n vermindering in ander laste.
- .129 Hoewel die beginpunt vir die erkenningsproses die uitwerking kan wees op bates en laste, sal die idees van paring en die kritieke gebeurtenis in die bedryfsiklus dikwels help met die identifisering van hierdie faktore.

Comment [H10]: effects

Paring

- .130 Paring kan twee vorms aanneem:
- Tydparing behels die erkenning op 'n sistematiese grondslag oor die loop van die betrokke tydperk van ontvangste (en betalings) wat regstreeks met die verloop van tyd verband hou as inkomste (asook uitgawes).
 - Inkomste-/uitgaweparang behels die erkenning van uitgawes wat regstreeks met die generering van spesifieke inkomste geassosieer word, as 'n uitgawe in dieselfde tydperk as waarin die inkomste erken word, eerder as in die tydperk waarin die uitgawes aangegaan word.
- .131 Byna alle uitgawes word onderneem met die oog daarop om een of ander vorm van voordeel in ruil te verkry. Omgekeerd geld dieselfde konsep vir inkomste. Indien paring onbeperk gebruik sou word, sou dit gevolglik moontlik wees om die erkenning van die meeste uitgawe-items in die staat van finansiële prestasie te vertraag vir sover die verwagte voordele nog in die toekoms lê. Die raamwerk plaas 'n vorm van dissipline op hierdie proses omdat slegs items wat aan die definisies van en tersaaklike erkenningsmaatstawwe vir bates, laste of oorblywende belange voldoen, in die staat van finansiële stand erken word. Dit beteken dat die raamwerk nie die idee van paring as die vernaamste drywer van die erkenningsproses gebruik nie.
- .132 Die toepassing van die paringskonsep laat nie die erkenning van items in die staat van finansiële stand toe wat nie voldoen aan die definisie van bates en laste nie.

Erkenning van uitgawes



- .133 Uitgawes word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer 'n afname in toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat op 'n afname in 'n bate of 'n toename in 'n las betrekking het, voorgekom het wat betroubaar gemeet kan word. In wese beteken dit dat erkenning van uitgawes gelyktydig met die erkenning van 'n toename in laste of 'n afname in bates voorkom (byvoorbeeld die toevalling van werknemeraansprake of die waardevermindering van toerusting).
- .134 Uitgawes word in die staat van finansiële prestasie erken op grond van 'n regstreekse verband tussen die koste wat aangegaan word en die verdien van spesifieke inkomste-items. Hierdie proses, waarna in die algemeen verwys word as die paring van uitgawes met inkomste, behels die gelyktydige of gekombineerde erkenning van inkomste en uitgawes wat regstreeks en gesamentlik uit dieselfde transaksies of ander gebeure voortspruit. Die onderskeie komponente van uitgawes waaruit die koste van goedere wat verkoop is, saamgestel is, word terselfdertyd erken as die inkomste wat uit die voorsiening van die goedere verkry word.
- .135 Wanneer verwag word dat ekonomiese voordele of dienspotensiaal oor afsonderlike verslagdoeningstydperke tot stand sal kom en die verband met inkomste slegs breedweg of indirek vasgestel kan word, word uitgawes in die staat van finansiële prestasie erken op grond van sistematiese en rasonele toedelingsprosedures. Dit is dikwels nodig vir die erkenning van die uitgawes wat verband hou met die verbruik van bates soos eiendom, aanleg, toerusting, klandisiewaarde, patente en handelsmerke; in sulke gevalle word na die uitgawe as waardevermindering of amortisasie verwys. Hierdie toedelingsprosedures is bedoel om uitgawes te erken in die verslagdoeningstydperke waarin die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met hierdie items verband hou, verbruik word of verval.
- .136 'n Uitgawe word onmiddellik in die staat van finansiële prestasie erken wanneer uitgawes geen toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal oplewer nie of wanneer, en in die mate waarin, toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal nie kwalifiseer nie of ophou om vir erkenning as 'n bate in die staat van finansiële stand te kwalifiseer.
- .137 'n Uitgawe word ook in die staat van finansiële prestasie erken in daardie gevalle wanneer 'n las sonder die erkenning van 'n bate aangegaan word, byvoorbeeld wanneer 'n las kragtens 'n hofbevel ontstaan.

Meting van die elemente van finansiële state

- .138 Meting is die proses van vasstelling van die geldbedrae waarteen die elemente van die finansiële state in die staat van finansiële stand en staat van finansiële prestasie erken moet word en gedra moet word. Dit behels die keuring van die bepaalde metingsgrondslag. Die Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk sal die toepaslike metingsgrondslag spesifiseer wat vir 'n spesifieke element gebruik moet word.



- .139 'n Aantal verskillende metingsgrondslae word in finansiële state gebruik ten opsigte van verskillende grade en in wisselende kombinasies. Dit sluit die volgende in:
- a. Historiese koste. Bates word te boek gestel teen die kontantbedrag of kontantekwivalente wat betaal is of die billike waarde van die teenprestasie wat gegee is om dit te verkry op die tydstip van die verkryging daarvan. Laste word te boek gestel teen die bedrag aan opbrengste wat ontvang word in ruil vir die verpligting, of in sommige omstandighede teen die kontantbedrae of kontantekwivalente wat na verwagting betaal sal word om die las in die normale loop van bedrywighede af te los.
 - b. Huidige vervangingskoste. Die koste wat die entiteit sou aangaan om die bate te vervang. Laste word teen die ongediskonteerde kontantbedrag of kontantekwivalente wat nodig sal wees om die verpligting tans te vereffen, gedra.
 - c. Realiseerbare (vereffenings-) waarde. Bates word teen die kontantbedrag of kontantekwivalente gedra wat tans verkry kan word deur die verkoop van die bate in 'n ordelike vervreemding, minus die geraamde voltooiingskoste en die geraamde koste wat nodig is om die verkoop, ruiling of uitkering te bewerkstellig. Laste word teen hul vereffeningwaardes gedra, dit wil sê die ongediskonteerde bedrae kontant of kontantekwivalente wat na verwagting betaal sal word om die laste in die normale loop van bedrywighede af te los.
 - d. Huidige waarde. Bates word gedra teen die huidige gediskonteerde waarde van die toekomstige netto kontantinvloei wat die item na verwagting sal genereer in die normale loop van bedrywighede. Laste word gedra teen die huidige gediskonteerde waarde van die toekomstige netto kontantuitvloei wat na verwagting nodig sal wees om die laste in die normale loop van bedrywighede af te los.
 - e. Markwaarde. Die bedrag wat die verkoop of krediteur by die verkryging van 'n bate in 'n aktiewe mark kan oplewer.
 - f. Billike waarde. Die bedrag waarvoor 'n bate geruil kan word of 'n las vereffen kan word tussen ingeligte, gewillige partye in 'n armlengtetransaksie.
- .140 Die metingsgrondslag wat die algemeenste deur entiteite aanvaar word vir die opstel van hul finansiële state, is historiese koste. Dit word gewoonlik met ander metingsgrondslae gekombineer. Voorraad word byvoorbeeld gewoonlik teen die teen die laagste van koste en netto realiseerbare waarde gedra, finansiële instrumente kan teen hul billike waarde gedra word en pensioenverpligtinge word teen hul huidige waarde gedra.
- .141 Daaropvolgende meting sal plaasvind indien dit nodig is om te verseker dat:
- a. bates wat teen historiese koste gemeet word, teen die laagste van koste en verhaalbare bedrag gedra word;

Comment [H11]: payable



- b. monetêre items wat in buitelandse valuta gedenomineer is, teen bedrae gedra word wat op die verslagdoeningsdatum op geldende wisselkoerse gegrond is; en
- c. bates en laste wat op die huidige vervangingskoste gemeet is, teen geldende huidige vervangingswaardes op die verslagdoeningsdatum gedra word.

Bedoelde hermetings sal egter slegs erken word indien:

- a. daar voldoende bewyse is dat die monetêre bedrag van die bate of las verander het; en
- b. die nuwe bedrag van die bate of las met voldoende betroubaarheid gemeet kan word.

Gemengde metingsgrondslae

- .142 Bates en laste beskik oor verskillende monetêre kenmerke wat in finansiële state aangebied kan word. Die enkele belangrikste kenmerk wat hierdie monetêre hoedanighede (wat as metingsgrondslae bekend staan) onderskei, is of hulle op historiese koste of op huidige vervangingskoste gegrond is.
- .143 Die gemengdemeetstelsel maak dit moontlik dat die metingsgrondslag vir elke kategorie bates of laste afsonderlik gekies kan word. Dit maak ook die gebruik van historiese koste (of huidige vervangingskoste) vir alle bates en laste moontlik indien historiese koste (of huidige vervangingskoste) die geskikste maatreël vir elkeen van daardie kategorieë is. Dit kan dus aangepas word om te pas by die besondere omstandighede wat betrokke is.
- .144 Die raamwerk stel derhalwe in die vooruitsig dat die gemengdemeetstelsel gebruik sal word en dit fokus op die aanvaarding van die mengsel van historiese en huidige vervangingskoste.

Die kies van 'n metingsgrondslag en die besluit om dit te verander al dan nie

- .145 By die kies van die metingsgrondslag wat vir 'n bepaalde kategorie bates of laste gebruik moet word, is dit die oogmerk om die grondslag te kies wat die geskikste is, met inagneming van:
 - a. die doel met finansiële state en die kwalitatiewe kenmerke van finansiële inligting, en in die besonder toepaslikheid en betroubaarheid;
 - b. die aard van die betrokke bates of laste; en
 - c. die besondere omstandighede wat betrokke is.
- .146 Alhoewel hierdie faktore dalk nie sal verander nie, kan die metingsgrondslag wat die beste by hulle pas, wel verander. Metingsgrondslae wat voorheen as onbetroubaar beskou is, kan betroubaar word.

Verdiskontering



.147 Historiese koste en huidige vervangingskoste is albei markpryse en sal derhalwe in die reël die tydwaarde van geld in ag neem, wat weer die risiko wat met die toekomstige verwagte kontantvloei verband hou, in ag neem. Gevolglik word daar soos in paragraaf .138 gemeld, word geen aanpassing gemaak vir die tydwaarde van geld wanneer historiese koste, huidige vervangingskoste en realiseerbare waarde gebruik word nie, terwyl huidige waarde wel die tydwaarde van geld in aanmerking neem.